Matzikama, South Africa

Gewysigde Verordening insake handelsdae en –ure vir die verkoop van drank

Legislation as at 1 Junie 2018

There may have been updates since this file was created.

PDF created on 11 Maart 2025 at 08:13.

Collection last checked for updates: 7 Maart 2025.

Sien aanlyn

Oor hierdie versameling

Die wetgewing in hierdie versameling is weergegee soos dit oorspronklik in die Staatskoerant gedruk is, met verbeterde formatering en met geringe tipografiese foute wat reggestel is. Alle wysigings is direk op die teks toegepas en geannoteer. 'n Skandering van die oorspronklike koerant van elke stuk wetgewing (insluitend wysigings) is beskikbaar vir verwysing.

Hierdie is 'n gratis aflaai van LawLibrary en word aangebied in samewerking met die African Legal Information Institute, die Judicial Institute for Africa en die Laws.Africa Legislation Collection, 'n versameling van Afrika-wetgewing wat deur Laws.Africa gedigitaliseer en gratis beskikbaar gestel word.

www.lawlibrary.org.za | info@lawlibrary.org.za

www.laws.africa | info@laws.africa

FRBR URI: /akn/za-wc011/act/by-law/2018/amended-liquor-trading-days-hours-sale-of-liquor/afr@2018-06-01

There is no copyright on the legislative content of this document.
This PDF copy is licensed under a Creative Commons Attribution 4.0 License (CC BY 4.0). Share widely and freely.

Gewysigde Verordening insake handelsdae en –ure vir die verkoop van drank
Contents

1. Woordomskrywings 1
2. Doel van verordening 5
3. Toepassing van verordening 5
4. Handelsdae en -ure vir die verkoop en verbruik van drank op gelisensieerde persele 5
5. Handelsdae en -ure vir die verkoop en verbruik van drank weg van gelisensieerde persele 6
6. Handelsdae en -ure vir die verkoop en verbruik van drank op en weg van gelisensieerde persele 6
7. Aansoek om verlengde handelsdae en -ure 6
8. Opskorting, wysiging en herroeping van verlengde drankhandelsdae en -ure 7
9. Voorkoming van onwettige drankverkope, en beslaglegging op drank 7
10. Vertoon van naamborde, en ander verpligtinge van lisensiehouer 8
11. Veiligheid en sekuriteit 8
12. Drankpersele moet wapenvry wees 8
13. Stoornisse 8
14. Misdrywe en strawwe 9
15. Appèl 9
16. Herroeping 9
17. Kort titel en inwerkingtreding 9
BYLAE 10

Matzikama
South Africa

Gewysigde Verordening insake handelsdae en –ure vir die verkoop van drank

Published in Western Cape Provincial Gazette 7934 on 1 Junie 2018

Inwerking getree op 1 Junie 2018

[Hierdie weergawe van die relevante dokument vind toepassing vanaf 1 Junie 2018 en is insluitend van enige verdere wysigings gepubliseer tot en met 7 Maart 2025.]

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 13 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) dat die Munisipaliteit Matzikama die Verordening insake handelsdae en -ure vir die verkoop van drank in Matzikama Munisipale Area, afgekondig in die Wes-Kaapse Provinsiale Koerant no. 7339 van 12 Desember 2014 en 7623 van 3 Junie 2016, soos volg wysig:

Om bepalings neer te lê vir die beheer van ondernemings wat drank aan die publiek verkoop ten einde ’n veilige en gesonde omgewing in die munisipale gebied Matzikama te verseker; om handelsdae en -ure te bepaal vir gelisensieerde ondernemings wat drank aan die publiek verkoop, en om bepalings neer te lê vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

NADEMAAL ’n munisipaliteit ingevolge artikel 156(1)(a) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, in samehang met deel B van bylae 5 by die Grondwet, oor die uitvoerende gesag beskik om ondernemings te beheer wat drank aan die publiek verkoop;

NADEMAAL ’n munisipaliteit ingevolge artikel 156(2) van die Grondwet verordeninge mag maak en toepas vir die doeltreffende administrasie van aangeleenthede waarvan die administrasie volgens wet aan hom opgedra is;

NADEMAAL ’n munisipaliteit ingevolge artikel 11(3)(m) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) verordeninge mag uitvaardig en besluite mag neem;

NADEMAAL dit Matzikama Munisipaliteit se voorneme is om ingevolge artikel 59(2) van die Wes-Kaapse Drankwet, 2008 (Wet 4 van 2008) handelsdae en -ure vas te stel vir alle gelisensieerde persele, ondernemings of afsetpunte wat in die munisipale gebied Matzikama geleë is en drank aan die publiek verkoop;

DAAROM VERORDEN die raad van Matzikama Munisipaliteit nou soos volg:

1. Woordomskrywings

(1) In hierdie verordening, tensy die samehang anders aandui, beteken:

"**aangewese drankbeampte**" ’n persoon wat ingevolge artikel 73(1) van die Wet as sodanig aangewys is;

"**appèlraad**" ’n appèlraad wat ingevolge artikel 25(1) van die Wet tot stand gebring is;

"**beampte**" enige persoon wat deur die owerheid afgevaardig is om die funksie van ’n beampte ingevolge hierdie verordening te vervul, wat insluit enige lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens en enige persoon wat ingevolge die Wet aangestel is;

"**binneverbruiklisensie**" ’n lisensie wat die lisensiehouer die reg gee om drank slegs vir verbruik op die gelisensieerde perseel te verkoop, en het "binneverbruik" ’n ooreenstemmende betekenis;

"**buiteverbruiklisensie**" ’n lisensie wat die lisensiehouer die reg gee om drank slegs vir verbruik weg van die gelisensieerde perseel te verkoop, en het "buiteverbruik" ’n ooreenstemmende betekenis;

"**bus**" sien "motorvoertuig";

"**buurt**" ’n deel van ’n dorp waar mense woon;

"**drank**" drank soos wat artikel 1 van die Wet dit omskryf;

"**Dranklisensiëringsraad**" die Drankraad soos wat artikel 1 van die Wet dit omskryf;

"**gasteverblyfonderneming**" ’n perseel wat teen vergoeding gebruik word as tydelike residensiële verblyf vir, en onder meer ook die voorsiening van etes aan, oornaggaste, en wat insluit ’n oornagplek vir rugsakstappers, ’n bed-en-ontbytonderneming, gastehuis, gasteplaas of -herberg, sowel as fasiliteite vir sakevergaderings, konferensies, geleenthede of opleidingsessies vir inwonende gaste, met uitsluiting van ’n hotel;

"**geregistreerde perseel**" ’n perseel waarop of waarvandaan ’n lisensiehouer sy/haar onderneming bedryf;

"**gesoneer**" sonering ingevolge die toepaslike soneringskema of enige toepaslike wet, en het "sonering" ’n ooreenstemmende betekenis;

"**handelsdae**" die dae waarop drank gedurende handelsure verkoop mag word;

"**handelsure**" die ure waarbinne drank op handelsdae verkoop mag word;

"**hotel**" ’n perseel wat as tydelike residensiële verblyf vir oornaggaste dien en waar huisvesting of etes teen vergoeding verskaf word, wat insluit:

(a) ’n restaurant of restaurante wat deel uitmaak van ’n hotel;

(b) ’n konferensie- en vermaaklikheidsfasiliteit wat ondergeskik is aan en aanvullend is tot die hoofgebruik van ’n perseel as ’n hotel; en

(c) ’n perseel wat gelisensieer is om drank vir verbruik op die perseel te verkoop, maar wat ’n buiteverbruikfasiliteit, gasteverblyfonderneming, woonhuis of wooneenheid uitsluit;

"**kamerdiensfasiliteit**" ’n minikroeg of selfbedieningsfasiliteit vir die verbruik van drank in gastekamers, en ’n oproepdiens vir inwonende gaste;

"**karaoke**"- ’n vorm van interaktiewe vermaak waartydens ’n amateur sanger behulp van ’n mikrofoon sing saam met reeds opgeneemde musiek.

"**kleinhoewe of landelike gebied**" ’n gebied wat oorwegend vir landbou- of enige ander gelykstaande gebruik gesoneer is met die doel om voorsiening te maak vir kleiner landelike eiendomme wat vir landbou gebruik kan word, maar wat ook hoofsaaklik as woonplekke in ’n meer landelike of plattelandse omgewing kan dien;

"**kroeg**" enige oop kroeg of enige deel van ’n gelisensieerde perseel wat uitsluitlik of oorwegend vir die verkoop en verbruik van drank gebruik word, wat insluit enige toonbank of versperring waaroor drank aan die publiek bedien word of kan word, of, met betrekking tot enige hotel, kantien of taverne, enige deel van sodanige hotel, kantien of taverne wat hoofsaaklik of uitsluitlik vir die verkoop, verskaffing of verbruik van drank gebruik word;

"**landbougebied**" ’n gebied wat oorwegend vir landbou of enige gelykstaande gebruik gesoneer is met die doel om landbou-aktiwiteit op ’n plaas as ’n belangrike ekonomiese, omgewings- en kulturele hulpbron te bevorder en te beskerm, en waar beperkte voorsiening gemaak word vir ander gebruike as landbou om eienaars die geleentheid te bied om die ekonomiese potensiaal van hul eiendomme te verhoog sonder om ’n beduidende negatiewe impak op die primêre landbouhulpbron te hê;

"**landelike sake- of buurtsakegebied**" ’n gebied wat oorwegend vir plaaslike sakegebruik, gemengde gebruik of enige ander gelykstaande gebruik gesoneer is met die doel om voorsiening te maak vir kommersiële en gemengdegebruikontwikkeling met ’n lae digtheid wat in die plaaslike

behoefte aan geriefsgoedere en persoonlike dienste of kleinskaalse sake voorsien of as oorgangsone tussen algemene sake-, nywerheids- en aanliggende residensiële gebiede dien;

"**lisensiehouer**" enige persoon wat gelisensieer is om drank ingevolge die Wet te verkoop, wat insluit enige gelisensieerde perseel, onderneming, afsetpunt of grondgebruikaktiwiteit van waar drank verkoop word;

"**Matzikama Munisipaliteit**" die Matzikama Munisipaliteit wat ingestel is ingevolge die instellingskennisgewing wat in Provinsiale Kennisgewing Nr 481 van 2000, soos gewysig, verskyn het, en het "Munisipaliteit" 'n ooreenstemmende betekenis;

"**mikrovervaardiger**" 'n drankprodusent wat nie meer as die voorgeskrewe volume in 'n kalenderjaar produseer nie;

"**motorvoertuig**" 'n voertuig wat ontwerp of aangepas is vir aandrywing of vervoer per pad met behulp van brandstof, gas of elektrisiteit, wat insluit 'n sleepwa of 'n landbou- of ander implement wat ontwerp of aangepas is om deur sodanige voertuig gesleep te word, sowel as voertuie wat ontwerp of aangepas is om passasiers te vervoer;

"**nagklub**" enige vermaaklikheidsplek wat geraas kan veroorsaak weens karaoke, versterkte of lewende musiek of luidrugtigheid, wat insluit 'n teater, pretpark en danssaal;

"**nywerheidsone**" 'n gebied wat oorwegend vir nywerheidsgebruik gesoneer is en wat alle nywerheidsvorme insluit, dog skadelike of gevaarlike handelsrisikoaktiwiteite uitsluit;

"**onderneming**" 'n bedryf wat gemoeid is met die verkoop van drank aan die publiek;

"**ontspanningsplek**" 'n sportterrein, pretpark of soortgelyke openbare plek wat vir gemeenskaplike ontspanning gebruik word, meestal in die buitelug;

"**owerheid**" die Wes-Kaapse Drankowerheid wat ingevolge artikel 2(1) van die Wet tot stand gebring is;

"**perseel**" onder meer enige plek, grond, gebou of vervoermiddel of enige deel daarvan wat geregistreer is of registrasie wil bekom om in drank handel te dryf;

"**persoon**" 'n natuurlike persoon of regspersoon, wat kan insluit:

(a) 'n lisensiehouer of enige persoon wat in beheer is of die bestuur behartig van die gelisensieerde perseel vir die doeleindes van drankverkope;

(b) enige liggaam van persone, hetsy ingelyf of oningelyf; en

(c) enige maatskappy wat volgens wet as sodanig opgerig of geregistreer is, of enige dorpsbestuursraad of soortgelyke owerheid;

"**plaasstal**" beteken 'n gebou of struktuur waarvan die vloerruimte hoogstens 100 m^2, insluitende opberggeriewe, beslaan, waar 'n boer produkte wat op sy plaas geproduseer en verwerk word (dit wil sê nie produkte wat aangekoop word nie), hetsy aan sy eie werknemers of aan die algemene publiek verkoop.

"**raad**" die verkose munisipale raad van die Munisipaliteit;

"**residensiële gebied**" 'n gebied wat oorwegend vir residensiële gebruik 1, 2 of 3 of enige ander gelykstaande gebruik gesoneer is met die doel om hoofsaaklik voorsiening te maak vir enkelgesinwoonhuise in lae- en mediumdigtheidsbuurte sowel as huisvesting met hoër digthede, en wat beheerde geleenthede vir werkverskaffing tuis, bykomende woonhuise en gemengdegebruikontwikkeling met lae digthede insluit;

"**restaurant**" enige perseel waar die verkoop en verskaffing van kos aan die publiek vir verbruik op die perseel die hoofsakedoel uitmaak, wat 'n kroeg/kantien kan insluit (waar die verskaffing van drank slegs vir verbruik op die perseel bedoel is);

"**sakegebied**" 'n gebied wat oorwegend vir algemene sake ingevolge die soneringskema gesoneer is met die doel om ekonomiese aktiwiteit in 'n sakedistrik en ontwikkelingskorridor te bevorder, en wat 'n wye verskeidenheid grondgebruike soos sake-, residensiële en gemeenskapsgebruike kan insluit;

"**sakeperseel**" 'n eiendom waarvandaan sake gedoen word, wat 'n restaurant, kantien, kroeg, taverne of ander gebou met soortgelyke gebruike kan insluit, maar 'n vermaaklikheidsplek, gasteverblyfonderneming, hotel en sport- en gemeenskapsklub uitsluit;

"**spesiale geleentheid**" 'n geldinsamelingsgeleentheid (wat van tyd tot tyd gereël word) ten bate van 'n opvoedkundige/welsynsorganisasie, enige uitstalling, sportbyeenkoms, kultuurbyeenkoms of kunstenaarsuitvoering;

"**sonering**" 'n ooreenstemmende betekenis;

"**soneringskema**" die soneringskema van toepassing op en van krag binne die regsgebied van Matzikama Munisipaliteit.

"**spesifieke besigheid**" 'n sakegebruik van 'n bepaalde aard, dog binne die soneringskemaregulasies wat ingevolge artikel 7 en 8 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Nr 15 van 1985) (woordomskrywings) uitgevaardig is, of 'n plaasvervangende verordening met toepaslike inhoud, en wat die raad vir 'n spesifieke terrein voorskryf;

"**sport- en gemeenskapsklub**" 'n perseel of fasiliteit wat gebruik word vir die byeenkoms van gemeenskaps- of burgerlike organisasies of verenigings, sportklubs of ander sosiale of ontspanningsklubs wat meestal sonder winsbejag bedryf word en wat gemeenskapsdiensklubs en gemeenskapsentrums of soortgelyke geriewe kan insluit, maar 'n nagklub uitsluit;

"**standaardhandel**" die handelsdae en -ure wat in artikel 4 en 5 van hierdie verordening beoog word, wat uitsluit verlengde handelsdae en -ure wat die Munisipaliteit dalk ingevolge artikel 7 van hierdie verordening kan goedkeur;

"**taverne**" 'n plek met die verskaffing/bediening van drank, verskeie vorme van vermaak as hoofsakedoel en slegs versnapperinge (nie aansit etes nie) bedien word;

"**toeristefasiliteit**" geriewe vir toeriste, soos lesingsale, restaurante, geskenkwinkels en kleedkamers, wat die raad as 'n vergunningsgebruik toelaat, maar wat oornagverblyf uitsluit;

"**tydelike lisensie**" sien artikel 48 van die Wet;

"**uitsonderlike omstandighede**" enige omstandighede waarvoor hierdie verordening nie voorsiening maak nie;

"**verantwoordelike bestuurder**" 'n bestuurder wat algehele verantwoordelikheid vir die verwerking van dranklisensieaansoeke en -appèlle sal aanvaar;

"**verkoop**" onder meer om te verskaf, uit te ruil, te koop aan te bied, uit te stal om te verkoop, of die magtiging, opdrag of toestemming om te verkoop;

"**verkoopsure**" die tye waarbinne 'n lisensiehouer drank ingevolge die bylae mag verkoop;

"**vermaaklikheidsplek**" 'n plek wat (hetsy daagliks of volgens 'n rooster) oorwegend vir kommersiële vermaak gebruik word en wat betreklik groot getalle mense kan lok, buite normale sake-ure bedryf kan word of gereeld geraas veroorsaak vanweë musiek of luidrugtigheid, wat insluit 'n bioskoop, teater, pretpark, danssaal, gimnasium, wedfasiliteit, dobbelsaal, karaoke-kroeg en nagklub;

"**vonkelwyn**" 'n bruiswyn wat ontstaan as gevolg van die gisting van druiwe, hetsy deur natuurlike of kunsmatige prosesse, en sluit sjampanje in;

"**Wet**" die Wes-Kaapse Drankwet, 2008 (Wet 4 van 2008), soos gewysig saamgelees met relevante Regulasies;

"**wynmakery**" onder meer ’n perseel of fasiliteit wat gebruik word vir die produksie van wyn, wat insluit fasiliteite vir die pars van druiwe en die gisting en veroudering van wyn, proelokale, vat- en bergingskamers, botteleringskamers, tenkkamers, laboratoriums of kantore en ander bykomstige of aanvullende fasiliteite wat met die produksie van wyn verband hou, wat kan insluit:

(a) restaurante en ander voedseldienste; of

(b) geaffilieerde kleinhandelsfasiliteite vir toergroepe of besoekers.

(2) In hierdie verordening, tensy die konteks anders aandui, het enige woord of uitdrukking waaraan ’n betekenis in die Wet toegeken is, daardie betekenis, soos gelees in samehang met die toepaslike grondgebruikskemaregulasies en die Verordening met betrekking tot strate, publieke plekke en tot die voorkoming en onderdrukking van oorlaste.

2. Doel van verordening

Ingevolge die bevoegdhede wat kragtens die Wet aan hom opgedra is, aanvaar die Munisipaliteit hierdie verordening met die doel om die ure te reguleer waarbinne drank verkoop mag word, sowel as aangeleenthede wat daarmee verband hou.

3. Toepassing van verordening

Hierdie verordening is van toepassing op alle persele wat binne die regsgebied van die Munisipaliteit geleë is en waarop ’n drankhandelonderneming bedryf word, wat insluit:

(a) ondernemings wat drank aan die publiek verkoop vir verbruik op die gelisensieerde perseel;

(b) ondernemings wat drank aan die publiek verkoop vir verbruik weg van die gelisensieerde perseel; en

(c) ondernemings wat drank aan die publiek verkoop vir verbruik op en weg van die gelisensieerde perseel.

4. Handelsdae en -ure vir die verkoop en verbruik van drank op gelisensieerde persele

(1) ’n Lisensiehouer mag op die volgende dae en tye drank vir verbruik op die gelisensieerde perseel verkoop:

(a) Op enige dag van die week, met die uitsondering dat vermaaklikheidsplekke, sportkroeë, kantiens/kroeë/tavernes en nagklubs nie op geslote dae soos Sondae, Goeie Vrydag, Kersdag en ander godsdienstige dae mag handel dryf nie, of

(b) Gedurende die handelsure wat in die Bylae vervat is.

(2) ’n Lisensiehouer wat drank vir verbruik op die gelisensieerde perseel verkoop, mag nie enige drankverbruik op die gelisensieerde perseel toelaat gedurende die tye wat drankverkope verbode is nie.

(3) Ondanks die bepalings van hierdie verordening, kan ’n lisensiehouer soos wat in subartikel (1) beoog word vonkelwyn bedien:

(a) vanaf 08:00 tot 00:00, sewe dae per week;

(b) as deel van ’n maaltyd; en

(c) aan gaste wat deel is van ’n georganiseerde geleentheid waar toegang beheer word.

(4) ’n Hotel of gasteverblyfonderneming wat gelisensieer is om drank vir verbruik op die gelisensieerde perseel te verkoop, mag toegang voorsien tot ’n vooraftoegeruste kroegfasiliteit in elke privaat suite of kamer, vir die genot van ’n gas wat sodanige privaat suite of kamer bewoon. Sodanige hotel of gasteverblyfonderneming mag egter nie die voorraad in sodanige kroegfasiliteit aanvul gedurende die ure wat drankhandel verbode is nie.

(5) ’n Hotel of gasteverblyfonderneming wat gelisensieer is om drank vir verbruik op die gelisensieerde perseel te verkoop, mag nie buite die standaardhandelsure drank aan gaste of besoekers voorsien nie, tensy dit uit die vooraftoegeruste kroegfasiliteit is en die gebruikers gaste is wat op daardie dag en tyd die privaat suites of kamers ooreenkomstig (4) hierbo bewoon.

5. Handelsdae en -ure vir die verkoop en verbruik van drank weg van gelisensieerde persele

(1) ’n Lisensiehouer mag op die volgende dae en tye drank vir verbruik weg van die gelisensieerde perseel verkoop:

(a) Op enige dag van die week buiten Sondae, Goeie Vrydag en Kersdag, met dien verstande dat sodanige uitsondering nie van toepassing is op ’n wynmakery en/of toeristefasiliteit wat uit ’n wyn- en/of drankwinkel bestaan, of enige ander fasiliteite met betrekking tot die wynbedryf nie, of

(b) Gedurende die handelsure wat in die bylae vervat is

(2) Geen onderneming mag op een dag meer as 150 liter drank verkoop aan enige persoon wat nie ingevolge die Wet oor ’n geldige dranklisensie en ingevolge die munisipale verordeninge oor ’n sakepermit (wat vir die spesifieke besigheid goedgekeur is) beskik nie.

6. Handelsdae en -ure vir die verkoop en verbruik van drank op en weg van gelisensieerde persele

’n Lisensiehouer van ’n perseel waar drank vir verbruik op en weg van die gelisensieerde perseel verkoop mag word, mag drank gedurende die handelsure in subartikel (4) en (5) verkoop.

Verlengde handelsure

7. Aansoek om verlengde handelsdae en -ure

(1) Enige lisensiehouer kan by die betaling van die vereiste fooi (ingevolge die goedgekeurde jaarlikse tarieflys van die Munisipaliteit) ’n skriftelike aansoek by die Munisipaliteit indien om die handelsdae en -ure ten opsigte van gelisensieerde persele te verleng.

(2) Die Munisipaliteit kan ’n aansoek om die verlenging van handelsdae en -ure goedkeur of van die hand wys.

(3) Geen regte sal toeval aan enige persoon wat ’n aansoek om die verlenging van handelsdae en -ure ingedien het voordat sodanige persoon bewys kan lewer van skriftelike goedkeuring vanaf die Munisipaliteit nie.

(4) Die Munisipaliteit kan deur middel van skriftelike kennisgewing aan die aansoeker sekere voorwaardes vir handel gedurende verlengde handelsdae en -ure neerlê.

(5) Voor die goedkeuring van ’n aansoek om die verlenging van handelsdae en -ure moet die Munisipaliteit verskillende faktore in ag neem, wat onder meer die volgende kan insluit:

(a) Die uitkoms van oorlegpleging met die gemeenskap, en of dit in die openbare belang sal wees om ’n verlenging van handelsdae of -ure goed te keur en toe te staan

(b) Die afstand tussen die gelisensieerde perseel en omliggende residensiële gebiede sowel as kulturele, godsdienstige en opvoedkundige fasiliteite

(c) Die beplannings- en soneringsvereistes van die Munisipaliteit

(d) Waar toepaslik, die geldigheid van ’n sakelisensie wat ingevolge die Wet op Besighede, 1991 (Wet 71 van 1991) uitgereik is

(e) Die moontlike impak op die omliggende omgewing

(f) Enige vorige opskorting, wysiging of herroeping van verlengde handelsdae en -ure

(g) Die geldigheid van die dranklisensie

(h) Verslae vanaf die Wes-Kaapse Drankowerheid

(i) Die aansoeker se motivering wat handel oor die feite hierbo sowel as:

(i) die impak van die risiko's en stoornisse vir die omliggende gemeenskap;

(ii) temperingsmaatreëls om risiko's en stoornisse te help beheer; en

(iii) moontlike voordele van verlengde handelsdae en -ure vir die omliggende gemeenskap.

8. Opskorting, wysiging en herroeping van verlengde drankhandelsdae en -ure

(1) By die lewering van 'n skriftelike kennisgewing aan die lisensiehouer of persoon in beheer, kan 'n gemagtigde beampte verlengde handelsure onmiddellik vir hoogstens sewe werksdae opskort in geval van nievoldoening aan 'n voorwaarde van die Wet, hierdie verordening of enige voorwaardes van die dranklisensie.

(2) Die skriftelike kennisgewing wat in subartikel (1) beoog word, moet die redes vir die opskorting verstrek, sowel as die tydraamwerke waarbinne sodanige opskorting van die verlengde handelsdae en -ure van krag sal wees.

(3) Die skriftelike kennisgewing wat in subartikel (1) beoog word, moet die lisensiehouer versoek om die munisipale bestuurder binne 48 uur van skriftelike redes te voorsien waarom die verlengde handelsure nie herroep moet word nie.

(4) Die gemagtigde beampte moet sodanige opskorting skriftelik by die munisipale bestuurder aanmeld.

(5) By die oorweging van die gemagtigde beampte se opskortingsverslag en die lisensiehouer se vertoë, moet die raad of sy afgevaardigde:

(a) handelsdae en -ure met betrekking tot die onderneming vasstel, en kan die raad of sy afgevaardigde sodanige voorwaardes neerlê as wat hy nodig ag; en

(b) enige besluit om die verlengde handelsure te bekragtig, te wysig of te herroep by die Wes-Kaapse Drankowerheid aanmeld.

(6) Geen persoon mag voortgaan om drank aan die publiek te verkoop gedurende die tydperk waarvoor die verlengde drankhandelsdae en -ure opgeskort, gewysig of herroep is nie.

(7) Die Munisipaliteit sal nie verantwoordelik gehou word vir enige verlies aan inkomste wat die lisensiehouer gedurende enige tydperk van opgeskorte handelsdae en -ure ly nie.

Voorkoming van onwettige drankverkope, en beslaglegging op drank

9. Voorkoming van onwettige drankverkope, en beslaglegging op drank

(1) 'n Gemagtigde beampte kan die onwettige verkoop van drank voorkom of op drank beslag lê:

(a) waar drank verkoop word vanaf 'n perseel waar drankverkope nie ingevolge die munisipale soneringskema toegelaat word nie; of

(b) waar drank in stryd met hierdie verordening verkoop word; of

(c) waar drank verkoop word buite die ure en dae wat in hierdie verordening neergelê word, of in stryd met die voorwaardes wat die Wes-Kaapse Drankowerheid of die Munisipaliteit met betrekking tot daardie onderneming vasgestel het; en

(d) deur die tydelike sluiting van die perseel en/of beslaglegging op enige drank op die perseel ingevolge die Munisipaliteit se standaardbedryfsprosedure vir beslaglegging en die bepalings oor deursoeking en beslaglegging in die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977).

(2) Waar die verkoop van drank voorkom word en daar beslag gelê word op drank ingevolge subartikel (1), kan die Munisipaliteit enige koste wat die Munisipaliteit hiervoor moes aangaan, van die lisensiehouer verhaal.

10. Vertoon van naamborde, en ander verpligtinge van lisensiehouer

(1) Die lisensiehouer of persoon in beheer moet toesien dat 'n sertifikaat wat deur die Munisipaliteit uitgereik is en wat die sonering of grondgebruik vir die doeleinde van hierdie verordening sowel as die goedgekeurde handelsure bepaal, op 'n opvallende plek binne-in die onderneming en tot bevrediging van die Munisipaliteit vertoon word.

(2) Die lisensiehouer of persoon in beheer moet toesien dat die volgende opvallend en in letters van minstens vyf sentimeter hoog buite die perseel op die voordeur of -venster vertoon word, tot die bevrediging van die Munisipaliteit:

(i) Die handelsure van die onderneming, soos wat die Munisipaliteit dit goedgekeur het

(ii) Die dranklisensienommer waaronder die onderneming handel dryf

11. Veiligheid en sekuriteit

(1) Lisensiehouers moet toesien dat die gelisensieerde perseel aan alle omgewings-, beplannings- en veiligheidswette voldoen en dat die voorwaardes wat die Munisipaliteit neerlê, nagekom word.

(2) Die lisensiehouer of persoon in beheer moet toesien dat redelike en voldoende veiligheid- en sekuriteitsmaatreëls getref word vir die beskerming van die publiek/klante van die betrokke perseel, deur onder meer te verseker dat:

(a) die berging van goedere en toerusting en die toestand van die perseel en enige struktuur daarop nie 'n gevaar vir die veiligheid van klante binne die perseel inhou nie;

(b) die perseel voldoen aan die vereistes van die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet 103 van 1977) en enige ander toestemming of verordening wat die Munisipaliteit toestaan of uitvaardig; en

(c) daar voldoende verligting buite die perseel is waar die publiek/klante en personeel die gelisensieerde perseel binnegaan of verlaat.

12. Drankpersele moet wapenvry wees

Die reg van toegang tot drankpersele word voorbehou, en enige wapens of skerp voorwerpe is verbode op binneverbruikpersele. 'n Kluis behoort te alle tye beskikbaar te wees op binneverbruikpersele indien persone wat in besit is van wapens of skerp voorwerpe toegang tot die perseel moet verkry.

13. Stoornisse

(1) Enige persoon wat drank aan die publiek verkoop, moet alle redelike stappe doen om toe te sien dat geraas vanaf die drankperseel te alle tye binne die mure van sodanige drankperseel bly.

(2) Enige persoon wat drank aan die publiek verkoop, moet redelike stappe doen om toe te sien dat geraas of ander stoornisse vanaf die perseel nie die inwoners van die omliggende gemeenskap op onredelike wyse raak en verontrief nie.

(3) Die lisensiehouer bly aanspreeklik en verantwoordelik vir alle grondbesoedeling en rommelstrooiing binne die drankperseel. Die lisensiehouer is ook verantwoordelik vir alle

grondbesoedeling en rommelstrooiing buite die drankperseel wat uit die gelisensieerde perseel spruit. Die drankperseel en omliggende gebiede moet te alle tye skoongehou word.

(4) Geen klante mag buite die drankperseel rondhang nie en alle drankverkope en -verbruik sal tot die drankperseel beperk wees.

14. Misdrywe en strawwe

(1) Enige persoon wat ’n oortreding begaan van of versuim om te voldoen aan enige:

(a) bepaling van hierdie verordening;

(b) voorwaarde of opdrag wat in verband met hierdie verordening gestel of uitgereik word; of

(c) skriftelike kennisgewing deur ’n gemagtigde beampte, is by skuldigbevinding en onderworpe aan strawwe wat ingevolge enige ander wet voorgeskryf word, skuldig aan ’n eerste-, tweede- en/of derdekategorie-misdryf.

(2) ’n Persoon wat skuldig is aan ’n misdryf is strafbaar met hoogstens twee (2) jaar tronkstraf en/of ’n boete en/of gemeenskapsdiens.

(3) ’n Hof wat enige persoon tot gemeenskapsdiens vonnis vir ’n misdryf wat ingevolge hierdie verordening begaan is, moet ’n vorm van gemeenskapsdiens oplê wat tot voordeel van die omgewing en/of gemeenskap sal wees, indien dit in die omstandighede moontlik is dat die oortreder so ’n vonnis uitdien.

15. Appèl

(1) Die appèlraad moet enige appèl teen of aansoek om die hersiening van ’n besluit deur die owerheid ingevolge artikel 20(3) van die Wet oorweeg.

(2) ’n Aansoeker of belangstellende en geaffekteerde party wat ontevrede is met ’n besluit deur die owerheid kan op die voorgeskrewe wyse ’n kennisgewing van appèl of hersiening by die owerheid indien.

16. Herroeping

Enige verordening betreffende die Verordening insake handelsdae en –ure vir die verkoop van drank in Matzikama Munisipale Area vir sover dit van toepassing is op of toegewys is aan die Matzikama Munisipaliteit se gebied word hierby herroep, vir sover dit betrekking het op aangeleenthede waarvoor in hierdie Verordening voorsiening gemaak word.

17. Kort titel en inwerkingtreding

Hierdie verordening sal bekend wees as die Gewysigde Verordening insake handelsdae en –ure vir die verkoop van drank in Matzikama Munisipale Area, en sal in werking tree op die datum waarop dit in die Buitengewone Provinsiale Koerant verskyn.

BYLAE

<table>
<tr><td>A</td><td colspan="3">Lisensie ingevolge artikel 36 van die Wet vir die mikrovervaardiging en verkoop van drank vir verbruik op sowel as weg van die perseel</td></tr>
<tr><td></td><td></td><td colspan="2">HANDELSURE</td></tr>
<tr><td></td><td>1. Landbougebied en landelike gebied</td><td>Binneverbruik</td><td>Buiteverbruik</td></tr>
<tr><td></td><td>Wynmakery (plaasstal)</td><td>10:00–02:00</td><td>08:00–20:00</td></tr>
<tr><td></td><td colspan="3">2. Nywerheidsone</td></tr>
<tr><td></td><td>Wynmakery (ingesluit produksie van wyn, proe en restaurant</td><td>10:00–02:00</td><td>08:00–20:00</td></tr>
<tr><td>B</td><td colspan="3">Lisensie ingevolge artikel 36 van die Wet vir die verkoop van drank vir verbruik op die perseel waar drank verkoop word</td></tr>
<tr><td></td><td>1. Residensiële gebied</td><td>Binneverbruik</td><td>Beskrywing</td></tr>
<tr><td></td><td>Gasteverblyfonderneming</td><td>10.00–00.00
(sien artikel 4)</td><td>Geslote dae is ingesluit vir handel net aan oornag-gaste.</td></tr>
<tr><td></td><td>Sakeperseel (sluit ook in ’n restaurant, kantien, kroeg, taverne)</td><td rowspan="2">10.00–00.00
(sien artikel 4)</td><td rowspan="2">Geslote dae, behalwe Sondae tussen 14.00 en 17.00, is uitgesluit vir handel behalwe in restaurante.</td></tr>
<tr><td></td><td>Spesifieke besigheid</td></tr>
<tr><td></td><td>Vermaaklikheidsplek (wat insluit ’n bioskoop, teater, pretpark, danssaal, gimnasium, wedfasiliteit, dobbelsaal, karaoke-kroeg en nagklub)</td><td rowspan="3">10:00–00:00
(sien artikel 4)</td><td rowspan="3">Geslote dae is uitgesluit vir handel.</td></tr>
<tr><td></td><td>Ontspanningsplek (sportterrein, pretpark of soortgelyke openbare plek)</td></tr>
<tr><td></td><td>Sport- en gemeenskapsklub (vir spesiale geleenthede meestal sonder winsbejag wat tydelike lisensies vereis en</td></tr>
</table>